





## Rondawelhuse.

Deur Argitek Gerard Moerdijk.




Voorfront van Rondawel Woning (op Bergvlei nabij Johannesburg) wat hieronder beskryf word

Die sukses van 'n rondawelhuis hang grotendeels af van die groepering, d.w.s. die rangskikking van die verskillende onderdele. Een rondawel op sigself is nie mooi nie, en 'n rij ewe grotes nog minder. Laat ons vijf rondawels van gelijke grote langs mekaar set so:



Die effek hiervan is eentonig en helemal oninteressant. Set nou die drie middelste bij mekaar en maak die een 'n bietjie groter, so:



Al dadelik kan die verskil gesien word, dit trek die aandag, en die eentonigheid verval. As hier nou nog kleiner onderdele hij kom, dan word die indruk nog verbeter. Die kleine dele laat die geheel groter lijk en gee 'n seker verhouding daaraan, soos dadelik in die volgende afbeelding kan gesien word.



Dit is alleen maar een voorbeeld van groepering; daar is ook verskillende ander maniere, en die regte manier om te gebruik, hang van die bouterrein af. Hoewel 'n rondawel nie mooi is nie, 'n hele paar bij mekaar, soos voorkom in 'n kafferstadje, is baie skilderagtig, en dit is die effek van so 'n stadje wat weer gegee moet word. Omdat die rondawels nie almal langs mekaar staan nie, lijk die een groter as die ander, en as partij nog hoër staan, dan kom daar 'n aangename, natuurlike groepering. Dit is alleen deur 'n grondige ontleding van hierdie toevallige skilderagtigheid, dat dit weergegee kan word.

### DIE GRONDPLAN.

Rondawels in 'n kafferstad staan almal los van mekaar, daar is nie 'n manier nie om van die een naar die ander te kom, sonder om buite om te loop, en dit is 'n grote ongerief. In 'n huis moet daar verbinding tussen die verskillende kamers wees, anders is dit in die winter en in reënweer baie ongerieflik. In die voorbeeld hier geïllustreer is 'n poging gemaak om so 'n ineenlopende huis te krij en tog die skilderagtige groepering van aparte rondawels te behou. Dit maak die dak natuurlik 'n bietjie meer ingewikkel, as wat die geval sou wees met alleenstaande rondawels, maar dit is tog geen onoormoelike moeilikheid en is met goed gevolg op Bergvlei ge-


doen. Waar die dakke van die verskillende rondawels teen mekaar loop moet net eers geute van gladde sink of „malthoid" geset word, sodat die reën nie kan deurloop nie.

### LOKALITEIT.

Die ontwerp en die beste materiale om te gebruik hang heeltemal van plaatselike omstandighede af. Selde word daar genoeg aandag aan die ligging en aanleg van 'n woonplaats gegee en tog is dit die vernaamste ding en iets waarby 'n kenner geraadpleeg moes word, voor daar iets gedaan word. Dit meen nie noodsaaklik dat die gebou dan meer kos nie; in die meeste gevalle word 'n mooier geheel vir minder geld gekrij, deur die hele plan degelik uit te denk, en die beste advies daar omtrent in te win. Teen 'n klip koppie lijk rondawels besonder mooi; let maar op kafferstadjes wat tussen die klippe aangelê is. As op so 'n plek ook nog voldoende water kan gebreng word, sou dit 'n ideale woonplek vorm. Maar elke plek is anders, en moet op sij eige meriete beskou word. Die aanlê van tuin en bome het ook baie met die uitsien van die huis te doen; die nabijheid en gerief van skure en stalle is iets wat deeglik uitgedenk moet word.

### BOUMATERIALE.


Waar bewerkbare klip verkrijgbaar is, is dit die beste materiaal om vir mure te gebruik; dit kan met dagga of met kalk gebou word. Waar klip nie handig is nie,



Deursnee van Woonkamer of Voorhuis.

of waar die bewerking daarvan te duur kom, kan rou of gebrande stene gebruik word, maar wat die materiaal ook al is is dit absoluut noodsaaklik om eers 'n goeie fondament te bou, en dit moet van klip en sement of van konkreet weer. Dit is vermors van geld en tijd om sonder fondament te wil bou. Al gou begint die mure te bars en nat te word, daar is niks om die miere te keer nie en die grasdak is skaars op of dit word stuk gevreet. As daar eers 'n behoorlike fondament neergeset word en dan 'n





laag waterdig „Malthoid” daarop, blij die gebou staan en geen mier kom bij die dak of deure en vensters nie. Ook is dit nodig om die houtbalke onder die vloere eers te teer.

Vensters in rondawels moet nie te groot wees nie, anders word die verhouding bederf, daar kan liewers 'n paar meer kleintjies ingeset word. Vier voet hoog by twee voet breed, is groot genoeg. Vir dakbalke is reguit populier of bloekompale goed. Asbestos plate is die beste om vir 'n plafon te gebruik. Dit is gewens om 'n bliksem-afleier op die dak te set. Gewone doringdraad is geskik, want die punte in die draad vorm 'n ideale bliksem-opvanger. Die een end van die draad moet bo in die punt van die dak vas gemaak word, en die ander end

moet diep in die grond begrawe word, liefst waar die grond klam is, dan gelei dit beter.

Dit is altyd mooi om 'n huis te laat berank deur klimpiante. Die „Virginia Creeper” is besonder geskik en veral in die geval van 'n self geboude huis bedek en verbloem dit 'n menigte ongeregtighede.

Die woonhuis in ons prentjie het die voordeel dat dit nie alles tegelyk hoof klaar gemaak te word nie. 'n Jong boer hoof net eers die middelste drie kamers te bou, dit is gerieflik en lijk heelmal goed op sigself, en naar mate sij gesin en middele uitbrei, kan hij die verdere rondawels aanbou sonder dat die geheel 'n indruk van lapwerk sal gee.

Ma: Johannes het 'n eerste klas plan om sij besigheid op te werk; ek hoop hij sal daar krediet voor krij.

Pa: Nee, ek hoop hij sal daar kontant voor krij!

Op 'n vergadering praat 'n baie langdradige oom tot vervelens toe oor die muisneste in die koppe van die hendaagse jongelui, en hoe dit moet uitgepluk word, en vernietig word, en weggemaak word..... hij gaat so voort tot 'n onbeskaamde seun sê, wat al tamelik moeg was. „Ag oom, sê hulle moet die muise vang, dan is dit gouer klaar.”

'n IJdele vrou wat verlang naar 'n komplimentjie van haar man sê een dag vir hom „Ag, jij ontmoet seker mooi jong meisies in die dorp, dan denk jij nie meer aan mij nie.”

„Ag nee wat”, sê die goedhartige eggenoot, „wat gee ek om mooi jong meisies? Ek is heeltemal tevrede met jou.”

„Sal die goed werklik weer mij hare laat groei?” vra 'n suinige oujongkêrel.

„Seker”, sê die apteker.

„En hoekom is jij dan self kaalkop, man? Gebruik jij dit eers 'n tijdjie, dan sal ek weer kom kijk.”

Wat is die geskikste lengte vir 'n meisie se rok? 'n Bietjie oor twee voet.

„Is dit waar dat as die klok slaan laat jij alles staan, al is jij nog nie klaar met 'n sin te skryf nie?” vra die baas aan sij jongste klerk.

„O nee, meneer! As dit so nabij die sluitingstijd is, sal ek nie daaraan droom om iets te begin nie!”

Ella was besig om haar gedroogde grassoorte te sörteer, toe Jan kom kuier.

„Wat 'n boel gras” sê hij, en om slim te wees voeg hij daarbij „'n Donkie sou hier net gelukkig wees.”

„Nou, blij dan maar as jij wil”, sê Ella.

Mevrou Goetz was al moed op oor haar tuin; die bure se hoenders pla so. Toe stuur sij die Kaapse meid, en druk dit haar op die gemoed om beslist maar beleëfd bij die Ounooi te kla.

„Wat sê Mrs. van Wijk, Lena?” vra sij toe die meid terugkom. „Ek hoop tog jij was nie brutaal nie?”

„O nee, Miessies, ek was baie perlaait, ek het net gesê, Miessies, hou jou hoenders tuis, anders eet jij nou minder eiers, en ons meer pluimvee.”